



Een van die belangrike waardes van ons gemeente is dat ons **VERSEIDENHEID VIER**. Ons is bly dat die Here ons verskillend gemaak het en wil vir mekaar ruimte gee om op ons verskillende maniere God te beleef en uit te leef. Een plek waar ons van mekaar verskil, is in hoe ons die beste en mees natuurlike met ons Pa kommunikeer.



WAT is 'n Geestelike pad?

- > 'n Geestelike pad is die manier waarop ek die mees natuurlike met God verbind en geestelik groei
- > Meeste van ons verkies van nature een of twee paaie
- > Daar is gewoonlik een of twee paaie wat vir my baie onnatuurlik is
- > Die doel is om groot vrede en vreugde te beleef in die manier waarop ek met God verbind

HOE maak ek die meeste van my Geestelike pad?

- > Gee myself toestemming om te wees wie ek is – ook in God
- > Wees gewillig om ook met dinge besig te wees wat vir my onnatuurlik en buite my gemaksone is om selfs meer te groei
- > Moenie mense wat anders is beny of verkleineer nie

ONTHOU

- > Elkeen van ons het een of twee voorkeur geestelike paaie
- > Dis goed vir my om AL die geestelike paaie in meerdere of mindere mate te probeer

Kom ons delf bietjie in die verskillende paaie in...



Relasioneel

Mense op die relasionele pad het 'n diep sin vir God se teenwoordigheid as hulle in betekenisvolle verhoudings met ander mense is. Jesus se stelling dat "waar 2 of 3 in my Naam vergader, is Ek teenwoordig" is besonder aantreklik. Kleingroepe en gemeenskapsaktiwiteite is vir hulle ononderhandelbaar.

EIENSKAPPE:

- Geestelike groei gebeur mees natuurlik as jy betrokke is in betekenisvolle verhoudings
- Kleingroepe en ander gemeenskaplike lewenservarings is vir jou sleutel
- Jou lewe is 'n oop boek
- Om alleen te wees maak jou mal
- In sleutel groeitye praat God gereeld met jou deur ander mense

BYBELSE VOORBEELD:

- Die apostel Petrus
- Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:*
- Jy benodig 'n verhoudingsryke lewe
 - Jy gebruik jou geestelike gawes om ander te dien
 - Bid saam met ander in gemeenskap
 - Leer in 'n kleingroep of in 'n klas saam met ander mense
 - Gebruik jou netwerk van kontakte om God se koninkryk uit te brei

WAARSKUWINGS:

- Wees versigtig vir oppervlakkigheid
- Jy kan te afhanklik word van ander mense en 'n geestelike verkleurmannetjie word wat by ander aanpas

MANIERE OM TE GROEI:

- Ontwikkel die vermoë vir STILTE
- Hou sommige van jou ervarings van God geheim
- Bestudeer die Bybel op jou eie
- Nooi naby vriende uit om baie eerlik die waarheid met jou te praat

my punt
..... /21



Intellektueel

Mense op die intellektuele pad beweeg nader aan God hoe meer hulle van God leer. Vir jou is dit belangrik om God veral lief te hê met "jou hele verstand". Jy hou van kennis, studie, agtergrond en denke van en oor God.

EIENSKAPPE:

- Jy beleef die Here die naaste wanneer jy meer oor Hom leer
- Die bestudering van die Bybel en teologie kom vir jou natuurlik
- Jy het min geduld vir emosionele benaderings tot geloof
- Jy is 'n denker
- As jy probleme of geestelike uitdagings ervaar, gaan jy in probleem-oplosmodus in.

BYBELSE VOORBEELD:

- Die apostel Paulus
- Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:*
- Lees goeie boeke wat jou uitdaag
 - Stel jouself bloot aan baie lering
 - Kry mense wat soos jy dink saam met wie jy leer

WÆRSKUWINGS:

- Wees versigtig dat jy nie net kop en niks hart word nie

MANIÈRE OM TE GROEI:

- Wy jou toe aan gesamentlike aanbidding en aan private aanbidding en gebed
- As jou leer nie lei tot aanbidding nie, sal dit gevaarlik word
- Doen gereelde selfondersoek om te bepaal of jy liefdevol is

my punt
..... /21

Aanbidding

Mense op die aanbiddingspad geniet dit om te sing en te vier. Iets diep in jou kom los tydens lofprysing en aanbidding. Jou geestelike belewenis bereik 'n hoogtepunt wanneer jou emosies tot uiting kom.

EIENSKAPPE:

- Jy het 'n diep liefde vir gesamentlike aanbidding en 'n natuurlike geneigdheid tot viering
- In moeilike tye in jou lewe is lofprysing een van die mees helende aktiwiteite waarmee jy besig is
- In lofprysing maak jou hart oop en word jy lewendig om entoesiasies deel te neem

BYBELSE VOORBEELD:

- Koning Dawid
- Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:*
- Beleef wonderlike lofprysing en aanbidding op gereelde basis
 - Gebruik lofprysing en aanbidding CD's en MP3's om jou kar 'n plek van veiligheid te maak
 - Leer oor ander aanbiddingstradisies en inkorporeer wat jy leer in jou eie persoonlike aanbiddingstyd in

WÆRSKUWINGS:

- Wees versigtig om nie ander mense wat nie so ekspressief is nie te oordeel nie

MANIÈRE OM TE GROEI:

- Verbind jou tot die dissipline van STUDIE
- Dien God in konkrete maniere as 'n uitvloeisel van jou aanbidding
- Bly verbind tot jou geloofsgemeenskap (gemeente)

my punt
..... /21

Aktivis

Mense op die aktivis pad het 'n hoë vlak van entoesiasme en energie. Jy het 'n passie om betrokke te wees deur aksie. Jy het 'n doel, 'n "cause" nodig om jou opgewonde te maak. Uitdagings ontmoedig jou nie, maar help jou juis om doel en fokus te behou. Jy het 'n groot begeerte om transformasie te sien gebeur.

EIENSKAPPE:

- Jy het 'n sterk ywer en sin vir visie
- Jy het 'n passie om die kerk te bou en 'n passie om vir geregtigheid te werk
- Uitdagings ontmoedig jou nie
- Jy doen alles wat jy kan om die potensiaal wat God in ander mense gegee het na vore te bring
- Jy hou van 'n hoëspoed, probleemge vulde, komplekse, uitdagende manier van lewe

BYBELSE VOORBEELD:

- Nehemia
- Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:*
- Ek vul my lewe met uitdagings
 - Kry 'n groep mense waarin jy kan belê en mee kan saamwerk om groot doelwitte te bereik.

WÆRSKUWINGS:

- Jy hardloop soms oor mense of gebruik hulle net om iets te bereik
- Wees versigtig dat jy nie so lank aanhou dat jy nie tyd maak om tot stilstand te kom om te dink oor WAT jy doen nie
- Jy kan in 'n situasie eindig waar jy nie meer jou eie motiewe, geestelike kondisie of emosionele toestand ken nie.

MANIÈRE OM TE GROEI:

- Spandeer tyd alleen en in stilte
- Kweek 'n reflektiewe dissipline soos om dagboek te hou
- Ontwikkel naby geestelike vriendskappe met een of twee mense

my punt
..... /21

Skepping

Mense op die skeppingspad beleef dat hulle 'n passievolle vermoë het om met God in die natuur te verbind. As jy op hierdie pad is, ervaar jy God se teenwoordigheid in die totale skepping. Soos Jesus Hom na die berge, woestyne en waters onttrek het, het jy dit nodig om naby God in die natuur te kom.

EIENSKAPPE:

- Jy reageer diep op God se bestaan deur jou beleving van die natuur
- Om in die buitelewe te wees verfris jou
- Jy is baie bewus van jou fisiese sintuie en kuns, simbole en rituele help jou om te groei
- Jy is geneig om kreatief te wees

BYBELSE VOORBEELD:

- Jesus

my punt
..... /21

Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:

- Jy spandeer baie tyd buite
- Kry 'n plek vir wegbreke
- Maak skoonheid deel van jou geestelike lewe

WÆRSKUWINGS:

- Jy kan maklik skoonheid en die natuur gebruik om weg te vlug
- Jy vind mense soms teleurstellend
- Wees versigtig om nie kerk te vermy nie

MANIÈRE OM TE GROEI:

- Bly betrokke in 'n aanbiddingsgemeenskap
- Wees bereid om ook in minder-mooi plekke te help
- Vat die Bybel saam as jy in die natuur ingaan en dink na oor God se Woord

Kontemplatief

Mense op die kontemplatiewe pad geniet lang, ononderbroke tye van alleen wees. God is vir jou die teenwoordigste as afleidings en geraas uit die weg geruim is. Om tyd te maak om in stilte na God te luister is noodsaaklik vir jou geestelike groei.

EIENSKAPPE:

- Jy is lief vir ononderbroke alleentye
- Om oor dinge te dink, kom natuurlik vir jou
- Jy kan lang tye bid
- As jy besig word of baie tyd spandeer met ander mense voel jy uitgeput en soek jy tye van stilte

BYBELSE VOORBEELD:

▪ Maria, Martha se sussie
Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:

- Jy het gereelde, beskermde, intense tye van alleenwees en stilte nodig
- Volg die intuïesies en leidinge wat in jou alleentye saam met God kom, getrou na
- Volg dit wat jy van God in stilte hoor met daade op

WÆRSKUWINGS:

- Jy is geneig om die eise van die regte wêreld te vermy
- Wees baie versigtig dat jy nie in jou innerlike wêreld terugtrek as vriende, familie of die gemeenskap jou teleurstel nie
- Weerstaan die versoeking om jou private gebed en stilte as minder belangrik te sien as die meer openbare daade van bediening wat ander doen

MANIÈRE OM TE GROEI:

- Kies 'n plek waar jy gereeld aktief kan dien
- Bly verbind in verhoudings, selfs daardie verhoudings wat moeilik of uitdagend is
- Verbind met mense wat 'n aktiwis geestelike pad het

my punt

...../21

Diens

Mense op die dienspad beleef God se teenwoordigheid baie tasbaar as hulle besig is om ander te dien. Jesus se woorde "vir sover jy dit aan een van die geringstes gedoen het, het jy dit aan My gedoen" beteken vir hierdie mense baie. Dade van diens kom natuurlik vir jou. Jy voel selfs ongemaklik as jy nie 'n rol het om te speel nie.

EIENSKAPPE:

- God se teenwoordigheid voel die mees tasbare as jy besig is om ander te help
- Jy voel gereeld ongemaklik in 'n situasie waar jy nie 'n rol het nie
- Jy soek heelyd vir dienswerkgeleenthede waar jy betrokke in kan raak

BYBELSE VOORBEELD:

▪ Dorkas in die boek Handeling
Hoe lyk dit as ek my pad uitleef:

- Ek is deel van 'n gemeenskap
- Soek vir tekens van God se teenwoordigheid in die mense wat jy dien en in die uitvoer van jou take
- Berei jou voor om te dien deur eers te bid sodat jou dienswerk werklik geestelike diens is

WÆRSKUWINGS:

- Wees versigtig dat jy nie mense wat minder as jy doen, verwyd nie
- Onthou dat God vir jou lief is, nie vir hoeveel jy doen nie, maar omdat jy sy kind is
- Moenie om te dien verwar met om God se liefde te verdien nie

MANIÈRE OM TE GROEI:

- Balanseer jou dienswerk met kleingroep- en gemeenskapslewe
- Leer om liefde te ontvang selfs wanneer jy nie produktief besig is nie
- Oefen om liefde deur WOORDE en daade uit te druk

my punt

...../21

Geestelike paaie vraeys:

Antwoord elkeen van hierdie vrae volgens die volgende skaal:

3	=	Altyd / verseker waar van my
2	=	Gereeld / gewoonlik waar van my
1	=	Af-en-toe / soms waar van my
0	=	Glad nie / Nooit waar van my nie

Sit die nommer van jou antwoord in die oop blokkie

1		As ek 'n probleem het, sal ek eerder saam met mense bid as om alleen te bid
2		In 'n erediens sien ek die meeste uit na die preek
3		Mense wat my ken sal my tydens gemeentesang as entoesiasies beskryf
4		Maak nie saak hoe moeg ek is nie, as daar 'n uitdaging voor my is, word ek lewendig
5		Die geestelike realiteit voel soms vir my meer werklik as die fisiese wêreld
6		Ek sukkel om in 'n vergadering of erediens te fokus as daar details in die ruimte is wat nie reg is nie
7		'n Mooi sonsondergang gee my 'n geestelike hoogtepunt wat tydelik alles anders blokkeer
8		Ek voel beter oor myself as ek tyd kan spandeer met mense wat ek ken en van hou
9		Ek kon nog nooit verstaan waarom mense nie daarvan hou om die Bybel in diepte te bestudeer nie
10		God raak my aan elke keer wat ek saam met ander gelowiges bymekaar is vir lofprysing
11		Mense om my weet hoe passievol ek is oor die dinge waarby ek betrokke is
12		Ek beleef 'n diep innerlike vreugde as ek in 'n stil plek is, weg van alle afleidings
13		Om ander te help is vir my maklik, selfs as ek self probleme het
14		As ek 'n moeilike besluit moet neem, wil ek graag buite gaan stap: in die woud, op die strand, enige plek buite
15		As ek te veel alleen is, verloor ek energie en word selfs bietjie depressief
16		Mense soek my op as hulle antwoorde op Bybelse vraagstukke wil hê
17		Ek sien daarna uit om erediens toe te gaan, selfs as ek moeg is
18		Ek beleef God se teenwoordigheid die meeste as ek met sy werk besig is



19	Ek kan nie verstaan hoe Christene so besig kan wees en nog steeds kan dink dat hulle God kan hoor nie
20	Ek geniet dit om agter die skerms te dien, weg van die kollig
21	Ek beleef God so sterk in die natuur dat ek soms in die versoeking is om eredienste te mis
22	Ek beleef God die mees tasbare in verhoudings met ander mense
23	As ek vernuwe moet word, is 'n stimulerende boek net die regte medisyne
24	Ek is op my gelukkigste as ek God saam met ander kan loof en prys
25	<i>"When the going gets tough, the tough gets going!"</i> Dit is waar van my!
26	My familie en vriende spot my soms dat ek bietjie van 'n kluisenaar is
27	Mense om my sê soms dat hulle my deernis (" <i>compassion</i> ") bewonder
28	Dinge in die natuur leer gereeld vir my belangrike lesse oor God
29	Ek verstaan nie mense wat sukkel om persoonlike dinge oor hulleself te deel nie
30	Soms spandeer ek te veel tyd om 'n kwessie te bestudeer in plaas daarvan om iets daaraan te doen
31	Ek dink nie daar is enige goeie verskoning om lofprysingsgeleenthede te mis nie
32	Ek kry enorme bevrediging daaruit om te sien hoe mense saamwerk om 'n doel te bereik
33	As ek 'n moeilike situasie trotseer, voel dit mees hulpvol om alleen te wees.

34	Selfs as ek moeg is, kry ek die energie en begeerte om ander mense met hulle probleme te help
35	God is vir my so eg as ek in 'n mooi, natuurlike omgewing is
36	As ek moeg is, kikker niks my so op soos om met vriende uit te gaan nie
37	Ek aanbid die beste in antwoord op teologiese waarhede wat duidelik verduidelik word
38	Dis vir my wonderlik hoe al die wêreld se probleme – insluitende my eie – vir my so onbelangrik lyk as ek God in die erediens loof en prys
39	Ek raak gefrustreerd met mense se apatie teenoor onreg
40	Om die waarheid te sê, ek voel soms bietjie skuldig omdat ek die stilte en alleen wees so baie geniet
41	Ek is op my gelukkigste as ek iemand kry wat regtig hulp nodig het en ek gee dit
42	Ander mense weet dat as ek nie teenwoordig is nie, ek waarskynlik iewers buite in 'n mooi plek is
43	Mense om my beskryf my as 'n mense-mens
44	Ek lees gereeld 'n klomp boeke en artikels om my deur 'n probleem te help
45	As ek oorweldig is, werk niks so goed soos 'n goeie lofprysingsdiens nie
46	Ek moet seker bietjie stadiger gaan, maar ek geniet wat ek doen, veral in bediening
47	Soms spandeer ek te veel tyd aan tob oor negatiewe dinge wat mense van my sê
48	Ek beleef God se teenwoordigheid wanneer ek mense wat swaarkry of in die moeilikheid is raad gee
49	As ek natuurskoon sien, roer iets wonderliks in my, iets wat moeilik is om te beskryf

Dra nou jou antwoorde oor op die volgende tabel. Tel die kolomme op om jou persoonlike voorkeure te bepaal:

1.	2.	3.	4.	5.	6.	7.
8.	9.	10.	11.	12.	13.	14.
15.	16.	17.	18.	19.	20.	21.
22.	23.	24.	25.	26.	27.	28.
29.	30.	31.	32.	33.	34.	35.
36.	37.	38.	39.	40.	41.	42.
43.	44.	45.	46.	47.	48.	49.
Totaal:	Totaal:	Totaal:	Totaal:	Totaal:	Totaal:	Totaal:
A Relasioneel	B Intellektueel	C Aanbidding	D Aktiwis	E Kontemplatief	F Diens	G Skepping

My voorkeure in volgorde:		
	Punt	Geestelike Pad
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		

